‘Afrika-diaspora moet groter druk uitoefen’

2009/06/11 12:18:00 PM
Druk artikel

Carin Smith

Kaapstad. – Die Afrika-diaspora van ’n geraamde 100 miljoen mense kan gerus groter druk op die regerings van hul onderskeie state uitoefen.

Dis die mening van prof. Vijay Mahajan, maatskaplike entrepreneur, skrywer van onder meer Africa Rising en professor in bemarking aan die McCombs-sakeskool aan die Universiteit van Texas in Austin. Hy is in Kaapstad as spreker by die Wêreld- Ekonomiese Forum (WEF) en was aan die woord by ’n geleentheid wat deur die leierskapsontwikkelingsmaatskappy Symphonia, aangebied is.

“Dis hoogtyd dat lede van die Afrika-diaspora hul stem begin dik maak teen regerings op die vasteland wat nie hul verantwoordelikhede nakom nie,” het Mahajan gesê.

Hy het gesê daar word geraam dat lede van die Afrika-diaspora in 2006 altesame $40 miljard (sowat R320 miljard) op formele en informele wyse “huis toe” gestuur het.

“Dis dieselfde hoeveelheid geld wat die kontinent aan hulp uit die buiteland ontvang het. Die Afrika-diaspora moet hul regerings begin blameer vir dinge wat verkeerd is en nie net sit en wag tot die politici veranderinge begin maak nie.”

Hy het vertel van die groot sukses wat lande soos Mexiko en Indië bereik het deur op goed-beplande wyse uit te reik na lede van hul onderskeie diasporas. So is die gesamentlike mag van die diaspora ontgin.

“Hoekom moet dit nodig wees vir Afrika om vir hulp te bedel uit die buiteland? Kyk wat vermag sy diaspora. Afrika se tyd het aangebreek, maar dit sal nie vrugte afwerp nie tensy al sy mense skouer aan die wiel sit nie,” het Mahajan gesê.

Sake24